Regering ‘verklaar oorlog’ teen staatsamptenare – vakbond 29 Oktober 2020 Christel Cornelissen Hoe wil jy die artikel deel? facebooktwitterpinterestwhatsappe-pos (Argieffoto) Die Vereniging vir Staatsamptenare (VSA) sê hy is teleurgesteld dat die minister van finansies, Tito Mboweni, niks in die mediumtermynbegrotingsrede gesê het oor salarisverhogings vir staatsamptenare wat geskrap is nie. Mboweni se aanduiding dat daar geen verhogings vir staatsamptenare oor die volgende vier jaar gaan wees nie, is ? oorlogsverklaring teen vakbonde, het die VSA gesê. Die minister het gister die begroting in die parlement ter tafel gelê. Hy het gesê staatsamptenare sal dieselfde salarisopofferings moet maak wat hul eweknieë in die private sektor in die lig van die verwoestende Covid-19-afsonderingstyd moes maak. “Ons landgenote in die private sektor moes opofferings maak en selfs salarisverminderings aanvaar om sakeondernemings aan die gang te hou. Oor die afgelope vyf jaar het staatsdienswerkers se salarisse gemiddeld met 7,2% gegroei – veel meer as inflasie. Oor die volgende vyf jaar sal dit baie, baie stadiger moet groei,” het Mboweni gesê. Volgens die minister vergader die regering en leiers van vakbonde in die staatsdiens om te beraadslaag oor hoe “meer met minder gedoen kan word”. Die VSA het reeds ? arbeidsdispuut by die arbeidshof ingedien oor die regering se besluit – wat in die Februarie-begroting aangekondig is – dat ? salarisverhogingsbesluit waarop vroeër ooreengekom is, omgekeer moet word. Dit is gedoen in ? poging om die staat se salarisrekening oor die mediumtermyn met sowat R160 miljard te verminder. Die vakbond was Donderdag woedend oor die feit dat Mboweni vasskop oor die verhogings, terwyl hy steeds die begroting só kon bewimpel om R10,5 miljard vir die sukkelende Suid-Afrikaanse Lugdiens (SAL) se sakereddingsplan te vind. “Dit word al hoe duideliker dat daar ? aanval op die gesamentlike onderhandelingsproses in die staatsdiens is en dat wetgewing en prosesse wat dié reg vir werkers bestuur, verontagsaam word.” Die vakbond sê die lot van sy lede word vererger deur die nuwe pensioenfondsboetes wat aan staatsamptenare opgelê word wanneer hulle die staatsdiens verlaat. “Staatsdienswerkers sal in slawearbeid onder verslegtende toestande gevange gehou word.” Die VSA sê in teenstelling met wat Mboweni sê, is daar geen beraadslaging aan die gang tussen die minster van staatsdiens en administrasie en vakbonde oor werkers se salarisse nie. “Onder hierdie omstandighede kan die VSA die regering se stellings as niks anders sien as ? oorlogsverklaring teen werkers in die staatsdiens nie.”